

Wat is in 'n naam...

EK IS SEKER DAT ONS ELKEEN SO IETS SAAMDRA.

Sommiges van ons sonder dat ons weet, ander s'n is self toegedien. Nog 'n paar dra hulle s'n al van laerskool af saam, en sommige het hulle s'n al by geboorte gekry.

Ek kom uit 'n familie van ses. Elkeen s'n was dieselfde.

My pa was oom Swanie, my ma is tannie Swanie. Die twee boeties kyk jou skeef aan wanneer jy hulle op hulle regte-egte name noem. Die een is Swanie en die ander een is... raai? Ook Swanie. My sussie het skooltyd 'n variasie op die tema gehad. Sy was Swêna. En ek? Ek was ook Swanie. Tog asseblief net nie met twee enne nie. Want anders sou ons van met twee enne gespel word: ons is/was Swanepoel en nie Swannepoel nie. Sê dit ook asseblief vir die regisseurs van 7de Laan (is Swannie van die Slaghuis nog daar? Want hy is veronderstel om Swanie te wees). Dieselfde vir Binnelanders: daar is 'n misterieuse suster Swanie wat ook bekend staan as Swannie, en sy moet eintlik Swanie wees.

NIETEMIN. VANDAG SE RELAAS GAAN OOR BYNAME.

Een Saterdagmiddag kom hier 'n ouerige Tswanaman in die straat afgestap: hy klop by elke huis aan en verkoop vadoeke, leerbelde en hoede. En sy naam is Johannes. Hy word somer na verwys as Johannes die Loper, omdat hy van huis na huis loop en sy ware verkoop.

Jare gelede het die skoolkinders die faktotum "Andy Capp" gedoop. Hy het net soos die strokieskarakter gelyk. Sy laphoedjie was diep oor sy oë getrek. Hy het altyd 'n grassie of 'n sigaret in sy mond gehad, en sy broek het ver oor sy knieë gehang. Hy het 'n huis by my ouers gehuur. Toe hy die dag kom kennis gee, het hy my ma kom bedank dat hy so lekker daar kon woon. My ma groet hom vriendelik: "Lekker dag vir jou, Andy!" Waarop hy antwoord: "Baie dankie, maar my naam is eintlik Mertiens..." Of hy gewet het dat hy Andy Capp genoem word, sal ek nie kan sê nie.

Toe was daar 'n groot (letterlik GROOT) boer in die omtes. Sy naam was Vleis. Toe sy seun in dieselfde koshuis land waar Vleis as kind was, is hy Mince gedoop. En toe die laaste tropsluitertjie sy voet in dieselfde koshuis sit, word hy Worsie genoem.

Hulle ander vriend was Tattawan. Niemand het geweet waar sy naam vandaan kom nie, maar sy seun is toe Tattatwo. En ek is seker Tattatwo se baba sal Tattathree heet.

My vriendin se familie was propvol Potgieters. Die familienaam was Pieter Potgieter, om presies te wees. Dit was maklik om te onthou waar Warm Piet Potgieter woon: hy woon in Warmbad. Pieter Pretgieter het in Pretoria gebly en Pieter Potchgieter het sy tent in Potchefstroom opgeslaan.

Soggie was 'n groterige man. Baie groterig. Hy was 'n goeie sportman: 'n SA judokampioen op sy dae. Maar hoekom hy Soggie was, weet nimmer.

Stink Koos het Lucky Star-sigarette gerook. Baie.

Vreeslik baie. Hy het skoolgehou en die leerders beweer dat hulle hom twee klasse ver kon ruik. Van daar die naam.

Tappe het weer Houtwerk gegee. Maklik om te raai waar sy naam vandaan kom.

Parratjie het ook skoolgehou. Hy het Afrikaans gegee. Hy het bomwerpers gevlieg, en alles moes so stil as moontlik in die vliegkajuit wees. Dit was, volgens dié wat weet, die rede waarom hy altyd so sag as moontlik gepraat het. Hy het vir jare Peter Stuyvesant gerook, en selfs toe hy opgehou het, het hy die wit bordkryt tussen sy twee vingers vasgeknypt soos wat hy

met 'n sigaret sou doen. Wanneer hy geloop het, het sy tone altyd so 10 oor 10 uitgedraai. En dit was die rede hoekom almal hom "Parratjie" genoem het.

DIE VORIGE DORP WAAR ONS GEWOON HET, HET GEWEMEL VAN DIE PIETE. Elkeen het toe 'n naam gekry na aanleiding van 'n kenmerk wat hom anders as die ander Piete maak. Daar was Piet Spar. Hy was die kruidenier. Dan was daar Piet Palama, want dit was die naam van sy winkel. Piet Vlieg het sy eie ligte vliegtuig gehad. En Piet Bom was deel van 'n regse groepering. Vandag, omtrent 15 jaar nadat daar net een Piet in die dorp oorgebly het, ken almal steeds die verskillende Piete.

Dan is daar ook die man wat alles weet van rubber, en hy is Hennie Bande. Vra iemand wat sy van is, moes hulle dink tot die rubber smelt.

Vaatjie se broer is ook Vaatjie. Om dieselfde rede. Hulle het op verskillende dorpe gewoon, maar het 'n klerekas op hulle tuisdorp gedeel. Dit hang natuurlik af watter een op 'n dieër was: daardie een kon die kleiner klere aantrek.

Rocky en sy broer, Rocky, was le Roux's. Ja, ook dieselfde name. Wat alles goed en gaaf is, totdat hulle op dieselfde dorp land. Toe moes hulle plan sien om hulle byname te verander sodat die inwoners hulle ook uitmaak kon ken.

In die aftreeoord waar my gryse ou moeder tuis is, is 'n 87-jarige tannie wat elke dag kom kyk of alles by my ma nog reg is. Haar naam is Tineke, wat vir my 'n baie mooi naam is. My ma kan nie haar naam onthou nie, en vir die eerste paar weke was haar naam tannie Trinity. Nadat ons vir my ma gaan tee koop het, het die tannie se naam summier verander na tannie Trinco. En toe my ma glad nie meer Tineke kon onthou nie, het sy sommer gevra hoe dit met tannie Artillerie gaan...

Ek kan my herinner dat ek my sussie vir ure na ander mense kon kyk. Ons het vir elkeen wat verbystap 'n storie uitgedink. Wat hulle is, waar hulle vandaan kom, waarheen hulle op pad is. En elkeen het ook 'n bynaam gekry.

Totdat my swaer vir ons gesê het dat ander mense dieselfde van ons sê.

Maar 'n bynaam (veral wanneer dit 100% beskrywend is), kan 'n vonkel in die oog sit en ons vir mekaar laat lag. En ons het dit só nodig om weer te kan lag.



Heilbron Herald

GEMEENSKAPSNUUS

Heilbron Dienssentrum

Breeëstraat 57, Heilbron
• Tel: 071 658 0336

Bestuurder: S. Meades

PROGRAM

MAANDAE:
08:45 - Gimtrim

DINSDAE:
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)

WOENSDAE:
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts. Elke week iets anders.

DONDERDAE:
17:00 Kooroefening
Geen byeënkoms tydens skoolvakansies

Op en Wakker Dienssentrum vir Bejaardes Reitz

Program vir week

Maandag
09:00 Kooroefening

Dinsdag
09:00 Bloeddrukke

Woensdag
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg

Donderdag
10:00 Sosiale program

Vrydag
09:00 Bybelstudie

Kontakpersoon
Petro Pretorius
082 325 1322



RIEMLAND MUSEUM TYE VRYDAE 09:00 - 13:00

Vir enige navrae kontak Quarta Pretorius 082 821 2410 of Magdaleen van Rensburg 076 646 8576



KERKNUUS

NG MOEDERGEMEENTE

Sondag: 09:30 Gesamentlike Erediens (Moeder)

Deurkol: Bybelmedia

Blok 4

NG SUID

Sondag: 09:30 Gesamentlike Erediens (Moeder)

GEREFORMEERDE KERK

Sondae: 09:30 Erediens

Diensbeurte: Wyk 5 & 6

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

H.v Stoffelnel- en Nicolstrate

Sondae: 10:30 Erediens / Kategese 10:00

Kontak Ds L.M Prinsloo 016 973 1011, 083 943 4561

AGS PLEINSTRAT 72

Sondae: 10:00 Erediens

Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug

Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

CHRISTUS GEMEENTE

(H/v Right- & Gilbertstraat) - Sondae: 09:30 Erediens

AP-KERK

Tweedestraat, Vegkop-uitbr.

Sondag: 08:00 Erediens (Edenville)

10:00 Erediens (Heilbron)

Deurkollekte DVB

Skinkbeurt Groep 3

METHODIST CHURCH

Sunday: Worship service 09:30 each Sunday.

Almal welkom / All welcome. Contact Pastor Chris Schutte

082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA

Sondag 10:00 Erediens - Kontak MP Malindi 078 054 2862

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE

Hou erediens op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

EVANG. GEREK. KERK

FRANKFORT (MARKSTR. 20)

Sondagoggend: 10:00 Erediens

18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00

Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN

Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477

Sondae: 10:30 Erediens / Woensdae: 18:00 Biduur

PENTECOSTAL CENTRE

(Assemblies of God, Sandersville)

Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /

Maandag: 18:30 Jeug / Dinsdag: 18:00 Gemeentebiduur - Matt 26:38,

Jak 5:16, Eff 6:18 / Woensdag: Huissel, Donderdag: 18:00 Sustersbidaand

Vrydag: 18:00 Jeugaand, Saterdag: 15:00 Worship Team oefen.

Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190

Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE

Sondae: Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00,

Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE

Dinsdae: 17:00 Jeugdientse & Oefeninge / Woensdae: 17:00

Gemeentediens & Biduur / Sondae: Heiligmaking om 10:30.

Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of

Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT

Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00 / Aanddiens: 18:00

Woensdae: 18:00 Bybelstudie

Navrae: Ds Adriaan Bester 060 953 1880

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF

Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/ booklets / Sabbathyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.

Navrae: Bel/SMS 079 833 3283

(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).